HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VOLUME 7 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 28 FEBRUARIE 2025

FEBRUARIE

28 FHP SPORTDAG

MAART

3 BEROEPEDAG

10 TOETSREEKS

Volg JF SOSIALE MEDIA

op Facebook @JFAmptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

February

24	25	26	27	28	
Mnr & mej JF: Oudisies		JFFJ-aand	JF's Got Talent	Hokkie O/14 Toernooi FHP SPORTDAG	Atletiek: Aflos byeenkoms FHP SPORTDAG

Maart 2025

Dagboek die datums:

Week 1

1 Maart
Atletiek: Aflos byeenkoms (VS Stadion)
3 Maart
Beroepedag
5 Maart
JFFJ-aand
JFFJ/JFMP
Redenaars: Radikaal (video's)
6 Maart
Atletiek: FSHSAO
JFFJ: Koshuisuitreik
7 Maart
Atletiek: FSHSAO
Wêreldbiddag vir vroue
Rugby: Pa en Seunaand
8 Maart
Atletiek: FSHSAo
Rugbyliga: Burgersdorp (w)
Wêreldbiddag vir mans

Week 2 - 3

13 Maart
SAMO Wiskunde: Olimpiade
14 Maart
Atletiek: VS, ASA Kampioenskap (o/16, o/18, o/20, o/23 en sen.)
Wesgrowliga: Trio (w)
15 Maart
Atletiek:VS, ASA Kampioenskap (O/16, O/18, O/20, O/23 en sen.)
Wesgrowliga:Trio (w)
19 Maart
Wesgrowliga: Hokkie 1ste span
21 Maart – 23 Maart
Hokkie: 1ste spanne na Oos-Londen
Vakansiedag
Wesgrowliga: Vooretrekker (T)
22 Maart
Atletiek: AFS Liga 5

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En so het ons gekom aan die einde van Februarie 2025 en nou lê Maart 2025 en wag vir ons. Ek sal u nie kwalik neem as u ook so 'n bietjie moeg voel nie...moeg om die kinders douvoordag by die skool te hê vir ekstraklasse en toetse, moeg rondgery agter al u kinders se buitemuurse aktiwiteite aan, moeg vir die kinders se vol program en die druk wat daarmee gepaardgaan ensovoorts ensovoorts.

Wat ek eerder vir u wil vra, is u lekker moeg... met die klem op lekker! U sien in die woordjie "lekker" lê daar soveel waarheid in opgesluit. "Lekker" simboliseer vir my iets wat die moeite werd was ten spyte van opofferings, dit wys na 'n gesindheid van nog een ekstra myl stap as dit van my gevra sou word. "Lekker" sinspeel op 'n diepe dankbaarheid teenoor die Here vir gawes, talente, geleenthede, tweede kanse en om voluit te leef. Daarom wil ek weer die wens uitspreek dat as u uself kon vereenselwig met die eerste paragraaf dit hopelik sal wees met die klem op "lekker" moeg.

"Lekker" simboliseer vir my iets wat die moeite werd was ten spyte van opofferings. dit wys na 'n gesindheid van nog een ekstra myl stap

Baie geluk aan elke leerder wat JF met soveel trots die afgelope twee weke verteenwoordig het. Dankie dat jul met oorgawe deelgeneem het, dat jul nederig in jul oorwinnings was en daar 'n waardigheid teenwoordig was wanneer ons dalk aan die kortste end getrek het. Dit is veral die eerste krieketspan wat 'n uitstekende seisoen beleef het. Alhoewel hul in die finaal van die stadsliga verloor het, het hul 21 van die 30 wedstryde, waarin hul betrokke was, gewen. Welgedaan seuns, ons is baie trots op julle. Wedstryde word nie net op die velde gewen nie... Die groot teleurstelling was natuurlik die afstel van die geesbou-aksie by die interhoërgala, maar ek glo die dankbaarheid wat saam met die reën gekom het, het daarvoor opgemaak.

Die volgende paar naweke begin die Wintersportsoorte in alle erns. Dit is die Fichardtpark sportdag en dan verskuif die klem na ons Wesgrow inters teen Trio(Weg) en Voortrekker(Tuis).

'n Hartlike uitnodiging om as JF-gemeenskap saam te staan en hierdie geleenthede in groot getalle by te woon.

Die afgelope week het leerders dan ook die die toetsrooster en -reëlings ontvang. Gaan dit asseblief deeglik saam met u kind deur . Baie sterkte aan elke leerder, werk hard, leer hard omdat alle punte wat nou verkry word, deel uitmaak van die skoolgebaseerde assesseringpunte aan die einde van die jaar. Die graadhoofde het dit onder my aandag gebring dat daar leerders is wat alreeds 'n groot hoeveelheid strafpunte ontvang het vir huiswerk wat nie gedoen word nie. U sal moet hande vat met die klasonderwysers en seker maak dat u kind elke dag sy/haar huiswerk doen. Dit gaan om baie meer as net om 'n strafkaartte ontwyk in die proses, maar eerder wanneer 'n toets of eksamen geskryf word oor daardie spesifieke werk en die punte dan veel te wense oorlaat. Ons maak staat op u hulp en ondersteuning in hierdie verband.

Laastens is dit 'n groot behoefte van my kant af om u as ouers te bedank vir voortgesette ondersteuning, posititiewe insette, harde werk met fondsinsamelings en betaling van die skoolfonds. Ons sal dit hier by JF nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Hierdie inbetalings verseker dat die Beheerliggaam die goedgekeurde begroting kan uitvoer en op daardie manier help om 2025 se drome waar te maak.

Laaste gedagte vir hierdie weekbrief:

To my children:
I hope someday you will look back and know...
That even if I did not get it right some of the time,
I was there for you all of the time.
It might not have been perfect, but I gave it everything I had...

Vriendelike JF-groete

Henri Wilken

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

TOETSROOSTER

	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Maandag 10 Maart	TEGN	NW-M	LO	AFR	RTT
Dinsdag 11 Maart	AFR - V1	SW- GESK	BEST	RTT	IGO
Woensdag 12 Maart	LO	AFR - V1	TRSM	LW	DRAMA
Donderdag 13 Maart	ENG	NW-L	AFR	DRAMA	LW
Vrydag 14 Maart	SW-GEO	LO	ENG	ENG	ENG
Maandag 17 Maart	NW-M	EBW	RTT	LO	KUNS
Dinsdag 18 Maart	WISK	WISK	GEO VBS MUSIEK	IGO	GEO
Woensdag 19 Maart	NW-L	ENG	IGO	WISK WWWG	FW TRSM
Donderdag 20 Maart	EBW	TEGN	FW KUNS	REK	EKON VBS
Vrydag 21 Maart					
Maandag 24 Maart	SK	AFR - V2	WISK WWWG	FW KUNS	WISK WWWG
Dinsdag 25 Maart	SW-GESK	WISK - Taak	LW	TRSM	BEST MUSIEK
Woensdag 26 Maart	WISK - Taak	SW - GEO	DRAMA	BEST	REK
Donderdag 27 Maart	AFR - V2	SK	REK	EKON GEO VBS MUSIEK	AFR
Vrydag 28 Maart	REM	REM	REM	REM	LO

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

TOETSREEKS – 10 TOT 28 MAART 2025

REËLINGS

Volgens departementele voorskrifte moet daar in meeste vakke ‘n assessering vir kwartaal 1 plaasvind in die vorm van ‘n toets. Meeste toetse word daagliks vanaf 12:30 tot 13:40 geskryf. Daar word in hierdie tyd ook voorsiening gemaak vir leerders met ekstra skryftyd. Sekere vraestelle is egter, volgens departementele voorskrifte, langer as 1 uur en leerders sal dus later as 13:40 voortgaan met die betrokke vraestelle. Indien die vraestel langer as een uur is sal die vakpersoneel reëlings met die betrokke vakgroep tref. Sommige Graad 8 en 9 vraestelle neem die vorm van ‘n assesseringstaak aan. Vakpersoneel sal die reëlings rondom hierdie take aan leerders deurgee. Alle grade gaan elke dag normaal aan met skool tot 12:05.

1. **Die skooltye tydens die toetsreeks is as volg:**

07:25 tot 07:57	Periode 1
07:57 tot 08:30	Periode 2
08:30 tot 09:02	Periode 3
09:02 tot 09:35	Periode 4
09:35 tot 09:55	Pouse
09:55 tot 10:27	Periode 5
10:27 tot 11:00	Periode 6
11:00 tot 11:33	Periode 7
11:33 tot 12:05	Periode 8
12:05 tot 12:20	Pouse
12:20	Aantree by toetslokale
12:30 tot 13:40	Toetsperiode

- **Leerders wat op ‘n betrokke dag ‘n vraestel skryf moet reeds om 12:20 by die toetslokale wees sodat administratiewe reëlings getref kan word.Graad 8 en 9 leerders skryf alle vraestelle in registerklasverband in die registerlokale. Graad 10 tot 12 leerders sal in spesifieke lokale ingedeel word vir die skryfsessie. Hierdie lokale sal later aan leerders bekend gemaak word.**
- **Leerders wat nie op ‘n betrokke dag skryf nie, sal om 12:05 verskoon word.Hierdie leerders moet asseblief die skoolterrein verlaat en nie ‘n steurnis wees vir leerders wat nog toetse skryf nie.**
- **Leerders wat afwesig is tydens toetse moet ‘n mediese sertifikaat inhandig en ‘n reëling met vakpersoneel tref om die toets in te haal.ierdie H**
- **Op 14 Maart vind die graad 7 Opedag plaas.As gevolg hiervan word die toetse vroeër in die dag geskryf sodat die skool in gereedheid gebring kan word vir die opedag. Alle leerder volg die normale skoolrooster (dag 6) vanaf 07:30. Die skryfsessie vir alle grade sal vanaf 09:30 tot 10:30 wees. Die res van die dagprogram sal later in detail deurgegee word en die skool sal om 13:00 verdaag.**
- **Op 28 Maart sluit die skool om 09:00.Leerders wat op 28 Maart by skryfsessies betrokke is moet dus om 07:45 by die toetslokale aanmeld en die skryfsessie sal van 08:00 tot 09:00 wees.**
- **Hierdie is ‘n toetsreeks en nie eksamen nie. Skool gaan elke dag normaalweg voort en die toets word aan die einde van die dag geskryf. Personeel gaan normaalweg voort met onderrig in klastyd en daar sal ook huiswerk gegee word. Leerders wat deur die dag afwesig is van skool sal nie toegelaat word om die toets op die betrokke dag te skryf nie.**

Sterkte! Sterkte! Sterkte!

INDIVIDUELE FOTO'S
FOTOPAKKETTE

BAIE DANKIE aan elkeen wat vroeër opgestaan het!

Dit is weer tyd vir die individuele foto's. Die hele skool se leerders word afgeneem met die oog op die jaarblad en prysuitdeling.
Dié fotopakkette kan u bestel teen R65.

Ons gaan u 'n hele maand gee om te bestel, wat u meer as genoeg tyd gee om die Karri-app te bemeester. Ons vra u samewerking in dié verband. Ons het verlede jaar oor die 800 bestellings gehad, daarom vra ons dat u net op Karri bestel.

FOTOBESTELLINGS SLUIT:
10 MAART 2025 –
GEEN LAAT BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE

Na afloop van die fotodae sal die leerders se fotonommers by hulle registerpersoneel beskikbaar wees. Die bestellings is op Karri-app en u moet eers die fotonommer insleutel voordat u die foto kan bestel en betaal.

LET WEL:
Bestellings vind STRENG via Karri plaas.
GEEN EFT's, GEEN KONTANT EN GEEN KAARTBETALINGS sal aanvaar word nie.

karri
POWERED BY NEDBANK

MA`S WAT OMGEE

“Kom na My toe, julle almal wat moeg is en swaar laste moet dra, en Ek sal julle lewens verkwik.

Matt 1:28

Help JF:

Geagte Ouers

MySchool en Makro is twee instansies waarby die skool groot voordeel trek met elke aankoop wat u as ouer maak. Daar is egter fondse wat verlore gaan omdat u kaart nie aan die skool gekoppel is nie. Kom ons maak 'n verskil aan die bedrag wat die skool voortaan sal ontvang met elke aankoop wat u as ouer maak; dit bevoordeel eintlik u eie kind, asook die gemeenskap waarby die skool betrokke is.

1. MYSCHOOL

Met elke aankoop by Netstar, Woolworths, Engen en Loot word die skool bevoordeel. Indien jy 'n Woolworths Rewards kaart besit kry net die koper die voordeel, met 'n MySchool kaart kry die koper én die skool voordeel. Help ons deur jou ouers en vriende ook te koppel.

1.1 MySchool-aansoekvorm

Indien u nie 'n MySchool-kaart besit nie, gaan na google en tik in "myschool". Die instruksies volg duidelik.

By begunstigde: Hoërskool Jim Fouché

Die MySchool kaart sal dan by u afgelewer word.

INDIEN U NIE REGKOM MET DIE GOOGLE AANSOEKVORM NIE, STUUR VIR MY 'N EPOS EN EK SAL DIE NODIGE AANSOEKVORM AAN JOU STUUR.

2. MAKROKAART

2.1 Makrokaart

U kan nie by Makro koop sonder 'n Makrokaart nie. Maak asseblief seker dat u kaart aan die skool gekoppel is. By die ingang is 'n toonbank aan jou linkerkant, toon jou kaart en koppel aan die skool, asseblief.

BETAAL JOU SKOOLGELD MET SAMBA EN ONTVANG 'N KONTANT-TERUG BONUS!

Hoërskool Jim Fouché

Sluit aan by Samba en ontvang R200 krediet op jou rekening en die skool ontvang R200 vanaf Samba.

Aanbod geldig tot 30 Maart 2025.

soveel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

UIT DIE KANTOOR VAN DIE

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

LOO

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

OM VOLUIT VIR GOD TE LEEF

Om volheid vir God te leef, beteken om Hom eerste te stel in elke aspek van ons lewe. Dit is nie net 'n eenmalige besluit nie, maar 'n daaglikse keuse om in Sy liefde, genade en wil te wandel. 'n Lewe van toewyding, geloof en gehoorsaamheid, waarin ons Sy doel vir onsself ontdek en uitleef.

*Soek eers vir God
Jesus sê in Matteus 6:33: "Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."
Dit beteken dat ons ons prioriteite reg moet kry – God wil ons eerste liefde wees. Vir 'n koningkrykslewe is dit nodig om tyd in Sy woord te spandeer en 'n lewe van aanbidding en gebed te lei sodoende om ons God beter te leer ken. Ons gedagtes en dade moet gerig wees om Sy wil te doen.

*Leef in Gehoorsaamheid en Vertroue
Spreuke 3: 5-6: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."

Om in volheid vir God te leef, verg gehoorsaamheid. Dit beteken om Sy stem te hoor en daarvolgens te handel, selfs al verstaan ons nie altyd Sy plan nie. Spreuke 3:5-6 herinner ons om nie op ons eie insigte te steun nie, maar om God in alles te vertrou.

*Dien ander met Liefde

Markus 10:45: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Wanneer ons ander in liefde help en dien, bring dit nie net vreugde vir hulle nie, maar ook vir onsself. God se volheid word sigbaar wanneer ons Sy liefde uitleef in ons gesinne, gemeenskappe en werkplekke.

*Leef met 'n Ewigheidsfokus

Baie mense leef vir aardse rykdom en sukses, maar ware volheid kom wanneer ons vir die ewige beloning werk. Kolossense 3:2 sê: "Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie." Dit beteken dat ons, ons lewens só moet leef dat dit 'n ewige impak het – deur ons geloof, dade en invloed.

*Laat die Heilige Gees jou Lei

God het ons nie alleen gelaat om Sy wil te doen nie. Hy het die Heilige Gees gestuur om ons te lei, te versterk en te troos. Wanneer ons toelaat dat die Gees in ons werk, ervaar ons 'n lewe van oorwinning, vrede en doelgerigtheid.

Om in volheid vir God te leef, is 'n daaglikse reis van geloof, toewyding en liefde. Dit vra dat ons onsself verloën, ons kruis opneem en Jesus volg (Lukas 9:23). Wanneer ons dit doen, ervaar ons 'n lewe van vreugde, vervulling en 'n diep verhouding met God – 'n lewe in Sy volheid.

UIT DIE KANTOOR VAN

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

BEROEPSKEUSES, VRIEND OF VYAND?

'n Artikel wat in Maroela Media verskyn het, lees soos volg:

Om 'n loopbaanrigting – selfs net in die algemeen – te kies, is een van die moeilikste en belangrikste besluite wat enige mens (dikwels nog 'n kind) moet neem. Dit bepaal die rigting wat jou lewe van 'n spesifieke punt af inslaan.

Regsgeleerdheid as 'n loopbaankeuse lê byvoorbeeld vir alle praktiese doeleindes in die teenoorgestelde rigting as 'n loopbaan in die mediese veld. Indien 'n student reeds twee jaar lank regte studeer het en dan agterkom dat dit 'n fout was, is dit moeilik, tydrowend en baie duur om van rigting te verander. Boonop kan menige ouers dit doodeenvoudig nie bekostig nie.

Die regte beroepskeuse het nie net 'n invloed op jou eie lewe nie, maar bepaal ook die rol wat jy in jou omgewing gaan speel: Elke persoon het 'n spesifieke plig wat hy of sy in die lewe of in 'n gemeenskap moet vervul – dit werk amper soos die funksies van die verskillende dele van 'n liggaam: As die voet probeer om 'n hand te wees, gaan dit die voet, die hand en die res van die liggaam negatief beïnvloed.

Dit is dus baie belangrik om sover moontlik te probeer om seker te maak dat jy die regte loopbaanrigting kies. Volgens Marnelle du Toit, bedryfsielkundige, verseker die regte besluite rondom loopbaankeuse lewensgeluk en selfvervulling en gee dit betekenis aan jou lewe. Sy beklemtoon dat dit belangrik is dat jou persoonlikheid, vermoëns, intelligensie en belangstellings realisties is en dat jy jou kan vereenselwig met die beroep wat jy op die ou einde kies. Verder sê Marnelle is dit ook belangrik om kennis te neem van die ekonomiese lewensvatbaarheid en skaarsheid van die beroep.

Wyse stuk.

Wanneer ons die kinders vra, wat wil jy gaan doen na skool of waar wil jy gaan studeer, is baie keer die antwoord: "Ek weet nie."

Dis 'n enorme besluit wat berus op jongmense se skouers en daarom probeer ons, ons leerders ondersteun met die proses.

Ons jaarlikse Beroepedag vind hierdie jaar plaas op Maandag, 3 Maart 2025. Ons moedig ouers aan om met hul kinders te gesels oor die toekoms, navorsing te doen en doelgerigte vrae saam te stel wat hul moontlik vir die verskeie instansies kan vra.

Ons jaarlikse Beroepedag vind hierdie jaar plaas op Maandag, 3 Maart 2025

OM NAVORSING OOR BEROEPE TE DOEN, IS 'N BELANGRIKE STAP OM 'N WELOORWOË BEROEPSKEUSE TE MAAK. HIER IS 'N PAAR NUTTIGE MANIERE OM JOUSELF IN TE LIG:

1. Doen navorsing:
   - Besoek webwerwe soos CareerPlanet of CareerNavigator vir inligting oor verskeie beroepe.
   - Vra by kolleges en universiteite se inligtingskantore na die verskillende loopbane en moontlike werkgeleenthede in elke veld.
   - Ondersoek die daaglikse aktiwiteite van die beroep. Dit sal jou help om te besluit of jou persoonlikheidseienskappe by die spesifieke beroep sal pas.

2. Kry finansiële inligting:
   - Vra uit oor die finansiële vergoeding vir die beroep. Dit is belangrik om te weet of dit 'n lewensvatbare keuse is.

3. Bespreek met mense wat in jou gekose beroepsrigting werk:
   - Praat met mense wat reeds in die beroep werk. Hulle kan jou insig gee oor die werklikhede en uitdagings van die beroep.

4. Oorweeg jou persoonlikheid en vaardighede:
   - Kyk na jou persoonlikheidseienskappe en vaardighede. Kies 'n beroep wat by jou unieke eienskappe pas.
   - Onthou dat 'n beroep nie net 'n werk is nie, maar 'n roeping waarin jy jouself kan ontwikkel en vervul.

5. Besin oor toekomstige vooruitsigte:
   - Oorweeg die langtermyn-vooruitsigte van die beroep. Saldit jou toelaat om vir jouself en jou gesin te sorg?
   - Wat gebeur as die ekonomie versleg en mense nie meer jou diens of produk kan bekostig nie?

1. **Doen navorsing**
2. Kry finansiële inligting
3. **Bespreek met mense wat in jou gekose beroepsrigting werk:**
4. Oorweeg jou persoonlikheid en vaardighede:
5. Besin oor toekomstige vooruitsigte:

Watter vrae moet ek my universiteit vra?

AS JY BESIG IS OM NAVORSING OOR JOU UNIVERSITEIT TE DOEN OF VOORBEREI VIR JOU UNIVERSITEITSLOOPBAAN, IS DAAR 'N PAAR BELANGRIKE VRAE WAT JY KAN OORWEEG OM AAN JOU UNIVERSITEIT TE VRA:

1. Aansoekproses en Toelatingsvereistes:
- Wanneer open die aansoeke jaarliks?
- Wat is die toelatingsvereistes vir die spesifieke program of kursus wat jy wil volg?
- Hoe kan jy jou aansoekstatus opvolg?

2. Finansiële aspekte:
- Hoeveel kos dit om aansoek te doen?
- Is daar beurse of finansiële hulp beskikbaar?
- Wat is die koste van studiegeld, akkommodasie, en ander uitgawes?

3. Akademiese Ondersteuning en Hulpbronne:
- Wat is die beskikbare akademiese ondersteuningsdienste, soos tutoriale, studieadviseurs, en biblioteekhulpbronne?
- Is daar 'n loopbaanadviesdienste wat jou kan help met beroepskeuses en loopbaanbeplanning?

4. Praktiese Aspekte:
- Hoe kies jy jou vakke vir die volgende jaar?
- Wat is die proses om handboeke te ontvang?
- Is daar rekenaartoegang en internetbeskikbaarheid op kampus?

5. Evaluering en Eksamens:
- Hoe word jy vir eksamens geregistreer?
- Wat is die riglyne vir eksamens en akademiese integriteit?

6. Loopbaanbeplanning en Beroepsgeleenthede:
- Wat is die beroepsgeleenthede in jou studierigting?
- Is daar geleenthede vir praktykervaring of internskappe?

Onthou dat dit belangrik is om aktief betrokke te wees by jou universiteit en nie skaam te wees om vrae te vra nie. Jou universiteit is daar om jou te ondersteun en te help om suksesvol te wees in jou akademiese reis!
Kies verstandig en bou aan 'n toekoms wat jou gelukkig en vervuld sal maak!

Kies verstandig en bou aan 'n toekoms wat jou gelukkig en vervuld sal maak!

Akademie

Mangaung Metro Onderwysdistrik se prysuitdelingsfunksie

Tydens die Mangaung Metro Onderwysdistrik se prysuitdelingsfunksie, gehou op Saterdag 22 Februarie 2025, het JF die volgende toekennings ontvang:

- *** Goue toekenning vir 100% slaagsyfer in die 2024 Matriekeindeksamen.**
- *** Top 5 skool in die MMED met 91,54% Universiteitstoelating.**

Nautilus: 1ste Nautiluskamp

GRAAD 9

2DE - CARA HOFFMAN

6DE - HENDRIK DE VILLIERS

GRAAD 11 & 12

1STE - LINEÉ LUBBE

#trotsJF

KUNSTE-AKADEMIE

Neem sanglesse by Hoërskool Jim Fouché se Kunste-akademie.

Vir verdere inligting kontak gerus vir Juf. Ilse Fourie (K.1)

066 231 9012

SPORT

KRIEKET Ligawedstryde:

Ten spyte daarvan dat JF se eerste krieketspan die knie moes buig teen Diamantveld in die eindstryd van die Bloemfonteinse Superliga, het hul ‘n uitstekende seisoen beleef.

Die span het 30 wedstryde gespeel, 21 daarvan gewen, bo-aan die punteleer geëindig nadat die groepwedstryde in die liga afgehandel was en in die eindstryd van die 2024/2025-seisoen gespeel.

Welgedaan seuns, ons is baie trots op julle!

#trotsJF

SPORT

ATLETIEK: MOTHEO/XHARIEP ATLETIEKBYEENKOMS UITSLAE:

Uitstekende prestasies by Motheo-atletiek!
18 Goue medaljes
13 Silwer medaljes
8 Brons medaljes

Aflospanne:

Dogters o/14	-	3de plek
Dogters o/16	-	3de plek
Dogters o/17	-	2de plek
Seuns o/17	-	1ste plek

Dogters o/14:

1ste plek	-	Franzelle Barnard hoogspring 1.61m
2de plek	-	Franzelle Barnard 400m 00:67.02
5de plek	-	Franzelle Barnard 100m 00:14.04
1ste plek	-	Safiya Sampson 3000m 12:41.87
3de plek	-	Safiya Sampson 1500m hindernis 06:25.75
6de plek	-	Liané Van Zyl 1500m 06:08.68
8ste plek	-	Marla Kruger 800m 02:44.20
6de plek	-	Ruzel Fourie spiesgooi 23.14m
3de plek	-	Aflosspan

#trotsJF

SPO

Dogters o/15:

3de plek	-	Dané Neethling 200m 00:27.07
2de plek	-	Dané Neethling 400m 00:65.89
3de plek	-	Rukaiya Sampson verspring 4.53m
3de plek	-	Simoné du Toit spiesgooi 29.95m
6de plek	-	Lané Verwey diskus 20.10m
7de plek	-	Lienke Kolver diskus 20.00m

Dogters o/16:

1ste plek	-	Marune Dreyer 100m 00:13.03
2de plek	-	Marune Dreyer 100m hekkies 00:15.37
4de plek	-	Marune Dreyer spiesgooi 24.64m
1ste plek	-	Anri Rautenbach hoogspring 1.61m
4de plek	-	Anri Rautenbach 100m hekkies 00:16.78
1ste plek	-	Miné Kriek driesprong 9.83m
2de plek	-	Miné Kriek verspring 4.76m
5de plek	-	Miné Kriek hoogspring 1.35m
5de plek	-	Lin-Mari Van Zyl 1.35m
2de plek	-	Neldri du Toit gewigstoot 10.38m
2de plek	-	Neldri du Toit hammergooi 42.16m
1ste plek	-	Zanelle Carelzen spiesgooi 35.56m
3de plek	-	Aflosspan

Dogters o/17:

3de plek	-	Alinca Smit 200m 00:28.04
4de plek	-	Alinca Smit 400m 00:66.11
1ste plek	-	Danell Oelofse 3000m 10:57.68
1ste plek	-	Danell Oelofse 2000m hindernis 07:58.49
1ste plek	-	Hanel Browne verspring 5.27
1ste plek	-	Hanel Browne driesprong 10.48
4de plek	-	Danika Kotze verspring 3.53
2de plek	-	Aflosspan

Dogters o/19:

1ste plek	-	Amoné Verwey 200m 00:24.92
2de plek	-	Amoné Verwey 400m 00:59.90
2de plek	-	Amoné Verwey verspring 5.37m
2de plek	-	Johaney Du Toit hammergooi 41.13m
4de plek	-	Johaney Du Toit gewigstoot 9.92m

#trotsJF

SPORT

Seuns o/14:

1ste plek	-	Joah De Villiers verspring en verbeter ook die rekord na 11.90m
2de plek	-	Joah De Villiers verspring 5.37m
3de plek	-	Jan-Harm Siebert hoogspring 1.50m
8ste plek	-	Jan-Harm Siebert 100m 00:12.98
5de plek	-	Aflosspan

Seuns o/15:

4de plek	-	Nico Coetzee 100m 00:12.00
3de plek	-	Nico Coetzee 200m 00:23.90
4de plek	-	Nico Coetzee 400m 00:57.00
2de plek	-	PN Roux hammergooi 36.08m
5de plek	-	Jayden De Beer hoogspring 1.45m

Seuns o/16:

1ste plek	-	Jaco Taljaard hoogspring 1.65m
1ste plek	-	Jareth Scott driesprong 12.23m
2de plek	-	Jareth Scott verspring 6.05m
2de plek	-	Ruan Kruger hammergooi 46.38m

Seuns o/17:

1ste plek	-	Joshua Oosthuizen 200m 00:21.79
3de plek	-	Joshua Oosthuizen 100m 00:11.00
4de plek	-	Regan De Villiers hoogspring 1.75m
5de plek	-	Eben Smit diskus 27.40m
1ste plek	-	Aflosspan

Seuns o/19:

1ste plek	-	Conrad van der Zwaard gewigstoot 14.32m
1ste plek	-	Conrad van der Zwaard diskus 46.68m

Baie geluk aan elke atleet wat deelgeneem het en ons skool se naam met trots gedra het.

#trotsJF

SPORT

UITSLAE: INTERHOëR SWEM

AJ Theron	Seuns 17-19	6de	400 m Vryslag
Franzelle Barnard	Dogters 14	5de	50 m Rugslag
		6de	50 m Borsslag
		7de	50 m Vryslag
		7de	100 m Rugslag
		8ste	50 m Vlinderslag
Dian Lotriet	Seuns 14	5de	200 m Rugslag
		5de	100 m Vlinderslag
		6de	50 m Rugslag
		8ste	100 m Vryslag
		9de	100 m Rugslag
Lana van Schalkwyk	Dogters 16	4de	50 m Rugslag
		6de	100 m Rugslag
		8ste	50 m Vlinderslag
		10de	100 m Vryslag
		10de	50 m Vryslag
Zandré van Niekerk	Seuns 17-19	4de	50 m Rugslag
		6de	50 m Vlinderslag
		6de	100 m Rugslag
		8ste	50 m Vryslag
Ian Bergh	Seuns 14	2de	200 m Rugslag
		2de	200 m Vryslag
		2de	100 m Vryslag
		4de	50 m Rugslag
		4de	100 m Rugslag
Dané de Klerk	Dogters 17-19	1ste	200 m Individuele Wisselslag
		1ste	100 m Vlinderslag
		1ste	200 m Vlinderslag
		1ste	50 m Vlinderslag
		1ste	200 m Vryslag

Baie geluk aan Dané de Klerk wat ingesluit is in die Vrystaat-swemspan!

#trotsJF

SPORT

NETBAL

PRESIDENT STEYN SPORTDAG

Netbaluitslae

O/19B		
12	JF VS. TRIO 17A	5
7	JF VS. EUNICE 17A	5

O/19C		
9	JF VS. OMS	15
16	JF VS. TRIO	1

O/17A		
13	JF VS. ST MICHAELS 19A	7
17	JF VS. WELKOM GIM 16A	3
15	JF VS. TRIO	3

O/16C		
10	JF VS. EUNICE	2
8	JF VS. MARQUARD 16B	13

O/16D		
8	JF VS. FREESIAS 15B	8
1	JF VS. OMS	14

O/15C		
6	JF VS. LADYBRAND 15B	2
2	JF VS. FICHARDTPARK 15B	18

O/14C		
10	JF VS. BREBNER 14A	9
4	JF VS. FICHARDTPARK	1

O/14D		
5	JF VS. EUNICE 14C	6
3	JF VS. PRES STEYN 14A	4

#trotsJF

SPORT

NnetbaL

Uitslae OMS AANDLIGA

#trotsJF

O/19A		
15	JF VS. EUNICE	13
11	JF VS. OMS	22
12	JF VS. CUT	23

O/19C		
14	JF VS. BOSHOFF	4
13	JF VS. DR.VILJOEN 17A	6

O/19D		
2	JF VS. OMS	20
4	JF VS. SENTRAAL	8

O/16A		
6	JF VS. SENTRAAL	9

O/16C		
19	JF VS. EUNICE	0
7	JF VS. SENTRAAL	5

O/16D		
5	JF VS. SENTRAAL	10
3	JF VS. OMS 16E	13

O/15C		
8	JF VS. EUNICE	2
5	JF VS. SENTRAAL	8

O/15D		
6	JF VS. HENDRIK POTGIETER	5
0	JF VS. OMS	29

O/14C		
8	JF VS. SENTRAAL	7
8	JF VS. FICHARDTPARK	10

O/14D		
1	JF VS. OMS	11
9	JF VS. SENTRAAL	0

SPORT

HOKKIE

SEUNS	
3 - 0	JF vs. FHP
1 - 1	JF vs. Trio
8 - 0	JF vs. Goudveld
2 - 1	JF vs. Sentraal

DOGTERS	
2 - 1	JF vs. Sentraal
4 - 0	JF vs. SMS
5 - 0	JF vs. Goudveld
2 - 0	JF vs. FHP

Rukaiya Sampson, Masego Phala, Karli Pienaar, Jayden Barlow, Jaydon Adams en Wessel Lombaard word onderskeidelik as speler van die wedstryd deur Kovsies aangewys.

PA-EN-SEUN-
MANNEAAND

7 Maart 2025

Multisentrum

17:30 - 23:00

R260 per pa en R210 per speler (d.m.v. Karri)
Kostes sluit ‘n braaipak en bykosse in.
Kontantkroeg vir pa’s en snoepie vir seuns beskikbaar.

Kleredrag: Denims en jou gunsteling rugbyspan se trui.

GHOLF CHIP & WIN
TOUTREK
ARMDRUK
DARTS

EN SOVEEL MEER...

Toerspanne word om 19:30 aangekondig.

RUGBY

2025 H/S JIM FOUCHÉ RUGBYKALENDER

GREEN MACHINE

FEBRUARIE

22	PRES. STEYN SPORTDAG

MAART

01	FICHARDTPARK SPORTDAG
08 WEG	BURGERSDORP
15 WEG	TRIO
21 TUIS	VOORTREKKER
30	GLENWOOD TOER

APRIL

12 TUIS	FICHARDTPARK
30	BERGSIG TOER

MEI

10 TUIS	HTS LOUIS BOTHA
17 TUIS	SENTRAAL
24 TUIS	LANDBOUDAL
31 WEG	DIAMANTVELD

JULIE

26 WEG	WITTEBERG

AUG/SEPT

02 TUIS	GOUDVELD
09 TBC	LIGA SEMI-FINAAL
09 TBC	LIGA FINAAL

SUPERSPORT SCHOOLS

KONICA MINOLTA

KovsieSport UFS

RUGBY

LIGA-

Bepalings

15 MAART	JF vs. TRIO	(W)
21 MAART	JF vs. VOORTREKKER	(T)
12 APRIL	JF vs. FICHARDTPARK	(T)
17 MEI	JF vs. SENTRAAL	(T)
31 MEI	JF vs. DIAMANTVELD	(W)
26 JULIE	JF vs. WITTEBERG	(W)
2 AUGUSTUS	JF vs. GOUDVELD	(T)

LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!

HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKVOLLE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!

MIDDAGETE: SLEGS R30
AANDETE: SLEGS R50

ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.

Huis Anton van Wyk

JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!

PRYSLYS

Bestel tussen Jun - Aug vir die spesiale pryse

LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R500

WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460

GOLFERS: KORTMOU

R320

PETTE

R155

VISOR

R150

LIP BALM

R30

SATERDAG BESKIKBAAR VIR KOOP, PAS EN BESTEL

BUFF

R100

STROOIHOED

R110

JF Band R60

COMBO R170

KOMBERS

R160

150cm x 150cm

BREËRANDHOED

R230

JF PIN

R80

JULLE LYK MOOI!!



HOE WAS EK MY NUWE JF-KLERE

Ondersteunersklere:

- Was artikel in **koue water** en hang in koelte op

GEEN

- Stasoft
- Son hang
- Tuimeldroeër
- Stryk nie asb.

Dankie

#trotsJF

HET JY AL JOU NUWE JF PIN?

R80

Bestel en betaal op karri

karri

POWERED BY NEDBANK

https://www.jfoester.co.za/

JF-OPEDAG

Hier maak ons die verskil

14 MAART 2025
JF-SKOOLSAAL
11:30

#trotsJF

HUIS *Anton van Wyk*

KOSHUISTOER
NA DIE FUNKSIE

www.jf.co.za
0515021760
GARDENIAPARK
BLOEMFONTEIN